


**INLEIDING**

- As dit jul eerste sel is na die vakansie kan jy genoeg tyd gee om op te vang en te hoor hoe almal se vakansie was.
  - Gee geleentheid vir terugvoer of getuienisse van hoe hul die Here in hul lewens sien werk het die afgelope weke.

> Teksgedeeltes vir vandag se gesprek is:
> - Lukas 11:37-54
> - Efesiërs 2:8-10
> - Matteus 16:24-26
> - Markus 1:14-15
>
> [jy kan vooraf die gedeeltes voorberei en dit lees soos jul deur die materiaal werk.

**Begin die gesprek:** (hul kan ernstig of meer ligtelike dinge noem net om die ys te breek)

- As jy teen enige een ding op kampus kon protesteer, waarvoor sou dit wees?

Die Reformasie het begin omdat mense ontdek het dat die evangelie groter is as godsdienstige rituele.
Jesus protesteer ook.
Maar Hy protesteer nie eerste teen die wêreld nie.
Hy protesteer teen 'n geloof wat mooi lyk aan die buitekant, maar waarvan die hart ver van God is.

Sy probleem met die Fariseërs was nie dat hulle te ernstig oor geloof was nie.

Hy sê hulle was ernstig oor die verkeerde dinge.

- **Lees Efesiërs 2:8-10**
- Wat het jou uitgedaag of geinspireer uit die reformasie geskiedenis?
- Hoe vergeet ons soms dat dit slegs genade en slegs geloof in Jesus is wat ons red?

- **Lees Lukas 11:53**
- Wat tref jou die meeste van Jesus se woorde?
  - Watter vers het jou uitgedaag?
  - Hoekom dinkjy reageer Jesus so skerp?
- Wat beteken dit om "Christelik te lyk" sonder om soos Christus te leef?
  - Waar sien jy hierdie spanning vandag?
- Waarteen sou Jesus vandag dalk in ons studentekultuur protesteer?

- **Lees Markus 1:14-15**

Die kerninhoud van Jesus se prediking word hier saamgevat. Die eerste ding wat moet gebeur is ons moet BEKEER. Dan kan ons Jesus begin volg en leef soos koninkryksburgers.
Ons het in ons “you-do-you” tydsgees te gemaklik geword met sonde. Selfs wanneer ons sonde bely is ons dikwels meer jammer en spyt oor die gevolge van sonde as wat ons regtig jammer is oor ons ongehoorsaamheid en eiewilligheid.

- Wat bedoel Jesus met bekeer?

Bekeer:
*metanoia*: verander hart en verander lewe.

In die lig hiervan: Wat beteken Johannes Calvyn (die Franse reformasie leier) se woorde “Ek offer my hart” vir jou?

Die preek het gesê:

"Moenie net protesteer omdat die wêreld minder Christelik lyk nie. Protesteer wanneer jou eie lewe minder soos Christus lyk."

- Waar nooi Jesus jou tans tot bekering?

(Gee tyd vir stilte voordat mense antwoord.)

**Jakobus 5:6**

*“Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word.*
*Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking.”*

[Deur geleentheid te gee om met mekaar te deel waar Jesus jou roep tot bekering is baie belangrik as ons werklik vir mekaar ’n geloofsgemeenskap wil wees. Dan kan ons bid vir mekaar om sterk te staan en te volhard in dit wat die Gees wil nuutmaak in ons lewens. Ons kan mekaar dan ook aanspreeklik hou en motiveer. Dit bly steeds iets wat moeilik is om te doen vir baie mense - jy hoef nie mense in jou groep te druk nie. Stel die vraag en gee ’n uitnodiging saam met die teksgedeelte uit Jakobus. As mense nog nie reg is om dit voor die groep te antwoord nie kan jy die groep ook uitnooi om persoonlik te gesels en alleen saam jou daaroor te bid by ’n ander geleentheid. Moenie druk plaas op die lede om almal iets te moet bely nie.]

Die Fariseërs was nie boos omdat hulle nie Bybels was nie.
Hulle het baie van die Bybel geweet.
Die probleem was dat hulle kennis nie hul harte verander het nie.

- **Bespreek:**
  Hoe keer ons dat ons selgroep net nog 'n plek word waar ons meer kennis opbou, maar nie verander nie?

## EERS BEKEER - DAN PROTESTEER

○ **Praktiese uitdaging:**

Kies hierdie week een area waarin jy doelbewus wil "protesteer".
Nie teen iemand anders nie.
Teen iets in jou eie hart.
<u>Byvoorbeeld:</u>

Minder oordeel
Meer gebed
Meer tyd in die Woord
Vrygewigheid
Vergifnis
Integriteit
Suiwerheid
Liefde vir moeilike mense

Skryf dit neer.
Vra iemand in die groep om jou volgende week daaroor aanspreeklik te hou.

## TYD OM TE PROTESTEER

Ons het in die diens oor die Franse hugenote gesels omdat hul storie ons weer uitdaag en bemoedig.
Die hugenote was ook bekend as Protestante - omdat hulle geprotesteer het teen alles wat nie reg en suiwer was in die kerk nie.

Dit is dalk tyd dat ons weer met dieselfde oortuiging as ons voorouers begin protesteer.
**Protesteer teen ’n manier van glo wat God se hart mis.**

Ons leef in tyd waar mense keelvol is vir klomp goed - ons is reg om te veg. Maar waarvan ons hier praat is nie protes waar ons met plakkate na buite stap nie.
Ons praat van ’n heilige protes teen alles binne onsself en binne die kerk wat Christelik lyk, maar nie soos Christus leef nie.
Ware protes begin nie met ’n vinger na die wêreld nie, maar met ’n knie wat voor Jesus buig.

- Waaroor moet ons binne die kerk begin protesteer? [met kerk verwys dit na die kerk oor die algemeen - die Liggaam van Christus.]
- Hoe kan jy ’n stem van waarheid wees binne die kerk maar ook op kampus waar mense hulself christene noem?

○ **Sleutelgedagte van die week:**

**Ware protes begin nie met 'n vinger na die wêreld nie, maar met 'n knie wat voor Jesus buig.**

○ **Challenge vir die week:**
Vra jouself elke dag:
"Lyk ek vandag net Christelik, of leef ek vandag soos Christus?”

○ **Gebed**
Verdeel in groepe van twee of drie.
Bid vir mekaar:
vir eerlike bekering

vir 'n sagte hart
vir die werk van die Heilige Gees
dat ons nie net Christene sal lyk nie, maar soos Christus sal leef.

**Sluit af deur saam Markus 1:15 hardop te lees.**